

Steek érens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Etikette en belydenisse: Wat sê ons oor wie?

Skriflesing: Matteus 16:13-20

Broodjies vir die pad

"Jesus is bigger than any one religion. He didn't come to start a new religion, and he continually disrupted whatever conventions or systems or establishments that existed in his day. He will always transcend whatever cages and labels are created to contain and name him, especially the one called "Christianity."

— Rob Bell

"We die containing a richness of lovers and tribes, tastes we have swallowed, bodies we have plunged into and swum up as if rivers of wisdom, characters we have climbed into as if trees, fears we have hidden in as if caves.

I wish for all this to be marked on by body when I am dead. I believe in such cartography - to be marked by nature, not just to label ourselves on a map like the names of rich men and women on buildings. We are communal histories, communal books. We are not owned or monogamous in our taste or experience."

— Michael Ondaatje, *The English Patient*

"The burden God places on each of us is to become who we are meant to be. We are most fully ourselves when Christ most fully lives in us and through us. The mother shines brightest with her child in her arms, the father when he forgives his wandering son, and the artist when he or she is drawing attention to grace, by showing the pinprick of light overcoming the darkness in the painting, or the story, or the song. The world knows darkness. Christ came into the world to show us light. I have seen it, have been blinded by it, invaded by it. I will tell its story."

— Andrew Peterson

"Second, I have taken it for granted that Jesus of Nazareth existed. Some writers feel a need to justify this assumption at length against people who try from time to time to deny it. It would be easier, frankly, to believe that Tiberius Caesar, Jesus' contemporary, was a figment of the imagination than to believe that there never was such a person as Jesus. Those who persist in denying this obvious point will probably not want to read a book like this anyway."

— N.T. Wright, *Jesus Victory of God V2: Christian Origins And The Question Of God*

In this highly anticipated volume, N. T. Wright focuses directly on the historical Jesus: Who was he? What did he say? And what did he mean by it? Wright begins by showing how the questions posed by Albert Schweitzer a century ago remain central today. Then he sketches a profile of Jesus in terms of his

prophetic praxis, his subversive stories, the symbols by which he reordered his world, and the answers he gave to the key questions that any world view must address. The examination of Jesus' aims and beliefs, argued on the basis of Jesus' actions and their accompanying riddles, is sure to stimulate heated response. Wright offers a provocative portrait of Jesus as Israel's Messiah who would share and bear the fate of the nation and would embody the long-promised return of Israel's God to Zion.

Om te rou in 'n landskap van verdriet

Wilhelm Jordaan

In die dekades wat ek dié weeklikse rubriek behartig, het ek meermale oor rousmart geskryf en aan mense gesê elke mens se rou oor die dood van 'n geliefde is uniek en niemand moet aan iemand voorskryf hoe dit gedoen moet word nie.

Nou is ek self dáár, by die seerste seer wat 'n mens kan hê – 'n hartverskeurende rouheid wat jou stom laat in 'n donker landskap van verdriet en die groot alleen.

Tog wil ek woorde probeer maak, want my vrou sou wou hê ek moet sê oor hoe ons oor die dood gedink, gepraat, gehuil én gegiggle het. Én dit wat daarna kom.

Vir ons was dit só: Wie smart oor 'n geliefde se dood in die hart bewaar én mettertyd weer voluit leef, bevestig 'n mistieke verbintenis wat die dooies en die lewendes verenig in die vertellinge van mense wat uniek omgaan met liefde, lewe, lyding, dood, rou en herinneringe.

Die klem op uniekheid bring die vryheid om jóú smart eiesoortig te deurleef en dat jy nie hoof op te leef aan die verwagting dat rousmart resepmatig in vaste fases verloop nie. Rousmart het inderdaad baie soorte gesigte, ook die komiese. Soos dit vertel word in Lolly Winston se roman Sophie's Bakery for the Broken Hearted. Sophie se man is dood.

In 'n presterende samelewing word verwag sy sal ook in haar weduweeskap "presteer", met die gracie en kalmte van 'n Jackie Kennedy terwyl sy eintlik maar net 'n Jack Daniels-weduwee wil wees – oorgegee aan stom verdwaasde smart.

Vir ontybyt eet sy in die bed roomys en soet koekies, sy slaap in haar man se T-hemde, gaan werk toe in haar japon en hasiepantoffels, en bars opeens in trane uit teenoor 'n vreemdeling wat saam met haar in 'n winkeltou staan: "My man is dood, weet jy!"

Soet trooswoorde laat haar gril en sy weier om "waardig te rou", soos haar skoonma verlang. Sy wíl nie getroos word nie. Sy wíl rou in elke senu en vesel.

In ons gesin rou elkeen nou op eie manier. En het dit ook saam gedoen toe ons met baie rou en met baie lag en huil en stories vertel my vrou se klere, handsakke, juweliersware, serpe, skoene, boeke en snuisterye, soos versamelde klippies en veertjies, uitgedeel het.

Die dinge wat ons hou om te onthou. Vir myself hou ek een paar wit sokkies uit. Dit het sy gedra terwyl sy op haar sitstelstoel geluister het na die musiek wat ek vir haar van vroeg tot laat gespeel het. En waarin sy, asof by 'n dans, tyd gehou het.

En nou is "my meisiekind sonder haar sokkies", soos Dawid Kramer sing. En ek huil én lag uitbundig as ek dink aan my belofte om haar as in die tuin te strooi en hoe ons gelag het oor my "onwilligheid": "Wat moet ek dan doen met die asblomme en die asters wat oral opkom. Net waar ek kyk, is jy!"

* Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-te-rou-in-n-landskap-van-verdriet-20200819>

"One who is content with what he has, and who accepts the fact that he inevitably misses very much in life, is far better off than one who has much more but who worries about all he may be missing . . . the relative perfection which we must attain to in this life if we are to live as sons of God is not the twenty-four-hour-a-day production of perfect acts of virtue, but a life from which practically all the obstacles to God's love have been removed or overcome. One of the chief obstacles to this perfection of selfless charity is the selfish anxiety to get the most out of everything, to be a brilliant success in our own eyes and in the eyes of other men. We can only get rid of this anxiety by being content to miss something in almost everything we do. We cannot master everything, taste everything, understand everything, drain every experience to its last dregs. But if we have the courage to let almost everything else go, we will probably be able to retain the one thing necessary for us— whatever it may be. If we are too eager to have everything, we will almost certainly miss even the one thing we need. Happiness consists in finding out precisely what the "one thing necessary" may be, in our lives, and in gladly relinquishing all the rest. For then, by a divine paradox, we find that everything else is given us together with the one thing we needed."

— Thomas Merton, *No Man Is an Island*

"Letter from Philippus of Athens to Lucius Annaeus Seneca: Yet the Empire of Rome that [Octavius] created has endured the harshness of a Tiberius, the monstrous cruelty of a Caligula, and the ineptness of a Claudius. And now our new Emperor is one whom you tutored as a boy, and to whom you remain close in his new authority; let us be thankful for the fact that he will rule in the light of your wisdom and virtue, and let us pray to the gods that, under Nero, Rome will at last fulfill the dream of Octavius Caesar."

— John Williams, *Augustus*

A brilliant and beautifully written novel in the tradition of Robert Graves, *Augustus* is a sweeping narrative that brings vividly to life a compelling cast of historical figures through their letters, dispatches, and memoirs.

A mere eighteen years of age when his uncle, Julius Caesar, is murdered, Octavius Caesar prematurely inherits rule of the Roman Republic. Surrounded by men who are jockeying for power—Cicero, Brutus, Cassius, and Mark Antony—young Octavius must work against the powerful Roman political machinations to claim his destiny as first Roman emperor. Sprung from meticulous research and the pen of a true poet, *Augustus* tells the story of one man's dream to liberate a corrupt Rome from the fancy of the capriciously crooked and the wildly wealthy.

Brood vir die pad

Veg vir hierdie vryhede

Anton van Niekerk

Ons kan baie dinge in die wêreld verloor. Behalwe vir diegene naaste aan ons, is ons vryheid egter die ergste wat ons kan verloor.

Geen wonder nie dat tronkstraf – die ontneming van vryheid – die algemeenste vorm van straf is.

Die invloedrykste intellektuele van die klassieke tradisie erken die onhoudbaarheid van die verlies van vryheid.

Vir die Duitse filosoof Georg Wilhelm Friedrich Hegel is die ganse geskiedenis die verhaal van die rede op soek na vryheid.

Die Geneefse filosoof Jean-Jacques Rousseau bekla die feit dat die mens vry gebore is, en tog oral in kettings vassit.

Die Britse filosoof Isiah Berlin onderskei op sy beurt twee soorte vryheid: "Vryheid van" en "vryheid tot".

Enersyds wil ons vry wees van magte en invloede wat ons persoonlike keuses beperk. Andersyds wil ons self kan besluit watter soort mens ons wil wees en wat ons by voorkeur wil bereik.

Die eksistensialisme – 'n filosofie gedrenk in die waarde en belang van vryheid – is een van die vernaamste wysgerige bewegings van die 20ste eeu.

Maar wat is vryheid? Hoekom is dit vir ons so belangrik?

Hierdie vraag kan abstrakte antwoorde uitlok. Vandag wil ek egter, teen die agtergrond van wat ons die afgelope amper vier maande beleef het, my lesers herinner aan die konkrete vryhede waarvan hierdie wurgende inperking ons beroof het.

Dink vir 'n oomblik aan die volgende wat ons verloor het: Die vryheid om te beweeg waarheen ons wil. Die vryheid om skool te gaan of student te wees sonder om heeltyd na skerms te staar.

Die vryheid om by jou vriende te kuier sonder om bang te wees om aan hulle te raak of selfs hul volledige gesigte te sien weens maskers.

Die vryheid van interaksie met diegene naaste aan ons, soos bejaarde weerloses en kleinkinders.

Aan die begin van inperking, die vryheid om in 'n winkel te koop wat jy wil, veral tabak en alkohol – wat albei slegte gevolge kan hê, maar oor die aanskaf en gebruik waarvan ons nog altyd as volwassenes self kon besluit.

Die vryheid om vakansie te hou en te reis waarheen jy wil, in jou eie land, en in die buitenland. Die vryheid om kerk toe te gaan en te deel in die lowende juligheid van mede-gelowiges, of om behoorlik afskeid te neem van 'n geliefde.

Die vryheid om sport te beoefen – selfs om enige tyd van die dag 'n wandeling te onderneem. Die vryheid om te werk in die ruimte wat die beste daarvoor ingerig is.

Die vryheid om sake te doen, en nie te hoeft aanskou hoe ganse bedrywe soos toerisme eenvoudig nekom gedraai word nie.

Die vryheid om in 'n restaurant te sit saam met jou familie of vriende en 'n glas wyn saam met hulle te geniet. Die vryheid om eenvoudig in jou kar te klim en te ry waarheen en wanneer jy wil.

Boweal, die vryheid om toe te sien dat gesag en mag uitgeoefen word volgens die vereistes en prosesse van grondwetlike instellings, en nie via die lukrake, willekeurige en ouoritêre wilsbesluite en dekrete, (uitgevaardig in twee- of drieweeklikse ex cathedra-toesprake) van mense wat met my private lewe minder as niks te make het nie (mits ek natuurlik ander nie kwaad aandoen nie).

Die Franse filosoof Jean-Paul Sartre skryf by geleenthed dat hy op sy vryste was in 'n Nazi-gevangenkamp. Dit is volslae onsin.

Tereg bewonder Hannah Arendt, 'n Duits-Amerikaanse filosoof, die openbare ruimte of polis wat die Amerikaanse grondwetskrywers gepropageer het – 'n ruimte waar jy jou vryheid altyd in die openbaar beoefen, en waar slegs jy weet wat die beste is vir jouself.

Ons het verskriklik baie verloor in hierdie grendeltyd. Ons moet met alle mag en krag veg om dit terug te kry.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/veg-vir-hierdie-vryhede-20200817-2>